



OM DIE DRAAI

As ons die jaar vergelyk met 'n atletiekbaan, kan ons inderdaad sê dat die jaar om die draai is. Minder as 'n helfte van die wedloop van 2016 lê voor. En daar lê nog'n hele aantal harde treë voor voordat ons by Kersfees en die einde van die jaar kom.

Vir ons land het daar 'n nuwe bedeling aangebreek met die uitslae van die munisipale verkiesings en vir die mense wat nou aan bewind gekom het, lê harde werk voor. Ons hoop dat ons geleidelik ontslae sal raak van korrupsie, baantjie-vir-boetie-poste en swak dienslewering. As daar 'n tyd is dat ons vir ons regering moet bid, dan is dit nou, dat ons land ook "om die draai" kan kom sodat 'n beter toekoms vir almal kan voorlê by die eindstreep.

Ons wens veral ons skoliere en studente – en hul ouers – sterkte toe vir die eksamens wat benouend naby is. Ons bid ook vir die sukses van ons Omgeefees op 3 September en dat vir ons almal die wedloop na die eindstreep van 2016 voorspoedig sal wees.

Daan en Jansie Kilian

IS DIT GOD SE SKULD?

Op die laaste Sondag in Julie het ds Pieter Malan by ons gepreek oor God se liefde wat ons as gelowiges juis geroepe is om in die wêreld te toon deur ons optrede en lewenswyse. Ek wil nie reageer op sy preek nie, maar op iets wat hy in sy preek vertel het, nl dat hy in

die kringe waarin hy betrokke is oor die bewaring van die natuur en die stryd teen besoedeling 'n dame teengekom het wat baie ywerig werk vir die saak. Uit wat hy vertel het, lei mens af dat dié dame alles veil het vir die natuur en die mense wat deur besoedeling benadeel word. Sy werk baie hard om 'n belangrike saak te bevorder en met liefde en toewyding tree sy namens die slagoffers op. 'n Mens sou kon dink dat sy gemotiveer word deur haar liefde vir God se skepping en God se mense. En tog het sy vir ds Malan gesê, as ek reg onthou, dat sy nie meer in God glo nie. Vroeër het sy, maar nie meer nie want God help haar nie in haar stryd teen al die ongeregtighede in ons samelewing nie.

Hoekom sal 'n voortreflike vrou wat met soveel ywer stryd teen ongeregtighede, haar geloof verloor? Ek weet nie mooi nie, maar wil 'n antwoord waag: is dit nie omdat ons as gelowiges aanvaar dat God soos 'n poppemeester agter die skerm die toutjies trek en alles beheer nie? Van die mees geringe gebeurtenisse tot die heel grootste? En as dinge dan skeefloop vir ons, dan gee ons God die skuld daarvoor, want "Hy beheer mos alles", "Hy bepaal alles".

Is dit so? As mense wreed vermoor of kinders mishandel word, of 'n diep gelowige ongeneeslike kanker opdoen, is dit God se skuld? Of as 'n dronk bestuurder oor die middelman van 'n dub-

belweg ry en reg van voor bots teen 'n kar waarvan die twee insittendes op slag sterf, is dit God se skuld "omdat Hy alles beheer"? Of as 'n man sy vrou uit jaloesie doodskiet en hul drie kinders die trauma daarvan moet hanteer, is dit God se skuld dat so 'n tragedie plaasvind?

Hoe meer voorbeelde opgehaal word van al die aaklige dinge wat elke dag gebeur en wat ons op TV sien en in die koerante van lees, hoe meer besef ons dat ons nie kan sê dat God alles beheer en dat Hy daarom die skuld moet kry vir al die ellende en boosheid nie. As ons aanhou redeneer dat God alles beheer, dan is dit geen wonder dat ons God naderhand verwerp wanneer die ellende wat ons ervaar vir ons te veel word nie. Hoekom? Omdat God dan nie doen wat ons dink Hy moet doen nie. So 'n denke is nie meer **godsdiens** nie maar **selfdiens**.

Hoe moet ons dan probeer sin maak van God se rol in hierdie lewe met al sy aaklige en bese gebeure? Ek wil enkele aspekte noem wat ons in gedagte moet hou:-

God het die mens geskep met die vermoë om vir homself te dink en te kies.

- Daarom kan die mens téén die wil van God kies en doen hy dit ook baiekeer. Daarvan getuig elke dag se wandade oorvloediglik.
- Daarom kan ons God nie die skuld gee vir mense se ver-

REDAKTEURS: Daan en Jansie Kilian

E-pos: daankilian@gmail.com/jansie@cpro.co.za

Telefoon: (012) 667-6929

sel: Daan 083-442-1250/Jansie 073-179-3295

Taalversorging: Chris Calitz

Medewerker: Jaco Kriek

keerde keuses en verwerplike dade nie. Die mens bring ongelukkig baie onreg en ellende oor homself en ander.

- Ons kan dalk vra: maar wat beteken Christus se oorwinning oor die dood en die magte van die duisternis dan? Daarop, dink ek, moet ons antwoord dat Christus se oorwinning 'n oorwinning **in beginsel** is en eers by die wederkoms ten volle werklikheid sal word. Intussen is die magte van die duisternis nog baie sterk en bedrywig en kry dikwels die oorhand oor die mens. Nogtans is die oorwinning van Christus sterk genoeg om ons te laat oorwin oor die bose in ons eie lewensopset.
- Daarom moet ons as gelowiges voortdurend stry teen die bose magte en sondige neigings in ons eie lewens, want dit is moontlik om deur Christus se krag te oorwin.

Ons kan sekerlik nie alles verstaan of verklaar wat betref al die ellendes wat die mens elke dag tref nie of wat hyself veroorsaak nie. Maar ons kan God ook nie vir alles blameer nie.

Indien u 'n meer breedvoerige verduideliking van die probleem van God se rol in 'n bose wêreld wil kry, lees gerus die boek van prof Adrio König: *God, waarom lyk die wêreld so?*, Lux Verbi.BM, 2002. Dié boek is nie maklik om te lees nie, maar 'n mens het ook nie teologiese opleiding nodig om dit te verstaan nie.

Daan Kilian

DIE EWIGE LEWE OP DIE NUWE AARDE

Die ewige lewe is 'n omvattende begrip vir die toekoms van die kinders van God. Daar is aansluiting by ons huidige lewe, en tog

ook 'n sprong in die onbekende in. Dit is lewe – dit ken ons. Maar dit is ewige lewe – dit ken ons nie.

Ons gaan anders lewe

Ons toekomstige lewe saam met God en Christus op die nuwe aarde sal nie heeltemal anders wees nie. Trouens ondanks die apokaliptiese beelde wat veral die boek Openbaring kenmerk, en wat ons tereg huiwerig maak om alte presies oor die toekoms te dink, is die vooruitsig wat die profesieë skep eerder dié van verlange en entoesiasme as van huiwering en skrik. Paulus roep die gelowiges op om mekaar moed in te praat en te versterk met die boodskap van Christus se koms, en Hy praat van die skepping wat 'n brandende verlange het dat alles opgeklaar sal word (1Tes 4:18; 5:11; Rom 8:19). Die Een wat kom, is immers nou reeds deur die Gees by ons, en ons leef nou reeds in Hom en saam met Hom, netsoos Hy in en saam met ons leef. Die Een wat kom, is ons Verlosser en broer (Rom 8:29). Saam met die Gees roep die bruid Jesus toe: 'Kom!' (Open 22:17) En Johannes sê selfs dat ons nou al deel het aan die ewige lewe (3:36).

Op 'n nuwe aarde

Net so is ook die nuwe aarde wat ons verwag, nie 'n ander, vreemde aarde nie. Dit is hierdie aarde wat nuutgemaak word en genees word van al die seer wat ons sonde en die aanslae van die Bese gebring het. Daarom is die beelde in Open 21-22 so realisties en getrou aan ons gewone lewe, maar dan ons gewone lewe vry van die druk en seer. Die nuwe Jerusalem is 'n stad van edelgesteentes, strate van goud,

'n rivier met kristalhelder water met die boom van die lewe wat nie net elke jaar nie, maar elke maand vrugte dra! God bly getrou aan sy skeppingsdoel: om met mense op aarde in liefdesgemeenskap te leef sodat hulle Hom kan dien en prys.

Daarom hoef ons nie te huiwer oor die toekoms nie. Die beelde is uitnodigings. Dit skeep 'n verlange wat vergelyk word met 'n bruid wat uitsien na haar troudag.

Natuurlik is dit nie dieselfde lewe as waaraan ons gewoon is nie. Maar wat anders is, is dat die sonde, lyding en ellende weg is, die bedreiging waarvan die ou aarde en ons huidige lewe vol is, die tranes en smart en dood, die nag, alles wat onrein en losbandig en vals is, die see as die ou simbool van die dreigende chaosmagte wat God se skepping en ons lewe probeer verwoes (Open 21:1,4,8,27; 22:5).

Uitgenooi om aan God se lewe deel te neem

Die ewige lewe is die lewe van God, die lewe waarmee Hy Christus uit die dood opgewek het, die lewe waarin Hy ons laat deel deur ons deur die doop en die geloof in Christus in te lyf.

Daarom beteken ewige lewe ook nie net 'n lewe wat nooit sal ophou nie. Dit sal in werklikheid 'n verskrikking wees om vir ewig te lewe as 'n mens in sonde en smart en ellende leef, bedreig deur duisend magte. Ewige lewe is 'n bepaalde kwaliteit van lewe, verheerlikte lewe, lewe wat die dood – en daarom die siekte en pyn en smart en broosheid – agter die rug het, die opstandingslewe van Jesus waaraan ons in werklikheid nou reeds deel het!

In 'n sekere sin het ons dus noual deel aan die ewige lewe. Veral Johannes verkondig dit dikwels in sy evangelie en in sy eerste brief. Dit is deel van 'n neiging by hom om dit wat die ander apostels in die toekoms verwag het, in die hede in te trek. Christus is van die begin af verheerlik, die oordeel vind noual plaas, die dooies hoor noual die stem van die Seun van God (Joh 1:14; 12:23ev,31; 5:25). Dit bring die ewige lewe nog nader aan ons. Ons beleving van ons gemeenskap met die Here, hoe gebrekkig ookal, gee ons dus tog nou reeds iets van 'n idee van wat vir ons wag in die ewigheid.

Dis ons verwagting!

Twee beelde word in Openbaring gebruik om meer inhoud te gee aan ons verwagting van die ewige lewe. Ons sal God dien, en ons sal saam met Hom regeer.

1. 'n Lewe van diens

Ons lees: 'en sy dienaars sal Hom dien' (Open 22:3). Met die eerste oogopslag lyk dit na 'n toutologie, maar die ironie is dat dit in werklikheid 'n verrassing is. Dit mag vanselfsprekend lyk dat dienaars dien, maar die ironie is dat dit nog nooit regtig konsekwent en voluit gebeur het nie. Hoe ontrou en belangeloos is sy dienaars nie al vir eeue nie: die volk Israel, die kerk. Wat 'n heerlike ervaring vir God om na uit te sien, dat ons Hom uiteindelik sonder voorbehoud en traagheid sal dien soos dit altyd gehoor het maar nooit gebeur het nie. Nogeens die onbegryplikheid van die sonde! En hoe heerlik sal dit nie vir sy diensknegte wees nie: om uiteindelik sy kinders te wees sonder slegte gewetens, sonder om elke keer te moet vra om vergifnis van ons

sonde en om meer liefde vir Hom te hê.

2. Ons sal saam met Hom regeer

Maar ons sal ook saam met Hom as konings regeer (Open 5:10; 19:4,6; 22:5). Dit bring opnuut 'n besondere trek van ons toekomstige lewe saam met Hom na vore: die nabyheid tussen God en sy kinders. Daar loop 'n lyn deur die Bybel: ons is as sy beeld geskep, dus naby Hom, iets soos Hy, in staat om iets van sy lewe in ons lewe te reflekteer. Verder word daar deurgaans in mensvormige terme oor Hom gepraat, en as Hy Homself ten volle wil openbaar, word Hy 'n mens, en uiteindelik gee Hy ons deur die doop en die geloof deel aan Jesus se opstandingslewe, daarom moet (en kán) ons aan Hom gelyk wees en selfs noual volmaak wees soos Hy! En uiteindelik lees ons dat ons sal 'deel kry aan die goddelike natuur'! (2Pet 1:4) Ons kry werklik deel aan die lewe van God!

Dit beteken nie dat ons sal ophou om mense te wees en Gode sal word nie. Daar staan nog altyd dat ons as sy dienaars Hom sal dien. Ons bly minder as Hy. Ons bly mense terwyl net Hy die ware God is. Die beeld kan nooit die werklikheid word nie. Maar die beeld gee iets weer van dit wat afgebeeld moet word.

So bereik God dan op die ou end tog sy doel: om ons God te wees wat vir ons verantwoordelikheid neem (wat Hy altyd was), en dat ons as sy volk Hom alleen sal dien, liefhê, prys en eer. Hy doen dit terwyl Hy getrou bly aan sy skeppingsdoel: ons bly mense – nuutgemaakte en verheerlikte mense; die aarde bly ons woonplek – 'n nuutgemaakte en verheer-

likte aarde.

Prof Adrio König op die webwerf *Bybelkennis*.

SENDINGNUUS

(Ingestuur deur Betsie de Wet)

ETERNAL LIFE OUTREACH

Liewe voorbidder, ondersteuner en medewerker,

Dit is Julie. Die radio en TV gons oor Mandeladag die 18de Julie en oor die Olimpiese Spele in Brasilië die begin van Augustus. Dit is ook die einde van die Moslems se maand Ramadan. Vir hulle was dit die maand van vas en die 7de Julie vier hulle hul Eid-Al-Fitr. Die radio, TV en koerante maak ook melding van die einde van Ramadan. Moslems wêreldwyd word geluk gewens met hulle Eid-Al-Fitr fees in afsluiting van die vas van Ramadan.

Oor al hierdie heuglike gebeure en die goeie nuus vir sportmanne, politici, almal, ja vir sekere Moslems ook, hang daar 'n donker wolk van dood en terreur oor die wêreld, Islam en ISIS. Elke byeenkoms, elke vooraf beplande optrede, konsert of skou word ondersoek of dit veilig genoeg is en word die vraag gevra of dit nie 'n teiken kan wees vir 'n Jihadi nie. Terreuraanvalle in Suid-Afrika waaroor gewaarsku is, het nie gebeur nie, maar 'n paar verdagtes is vasgetrek, sommer hier in Gauteng. Die polisie weet blykbaar van 'n paar verdagtes wat die land verlaat het om by ISIS aan te sluit.

So erg is hierdie terreuraanvalle dat dit die hoofnuus op internasionale kanale oorskadu. Van die Jihadi wat losgebrand het op mense by 'n homoseksuele nagklub in Amerika, die aanval op Moslems in Medina, die tweede heiligste plek vir Moslems naas Mekka en die Tunisiër wat met 'n swaar vragmotor tussen die skare in Frankryk ingejaag het wat onskuldig hulle nasionale dag vieringe gehou het. Dan is daar nog die konflik in Sirië, Irak en Turkye wat deurgeloopt het onder

'n mislukte staatsgreep terwyl ISIS in die Midde Ooste met hand en tand veg en dit regkry om selfs die individu ook te motiveer tot terreur. Is dit ISIS of is dit Islam wat verantwoordelikheid moet aanvaar vir die motivering van militantes en Jihadi Moslems?

Gebed

Oor jare het ons gesien dat dit nie 'n goeie tyd is om gedurende Ramadan Moslems by hulle huise te besoek nie. Bedags vas hulle en dit word 'n verleentheid vir hulle en vir jou omdat hulle eintlik graag vir jou iets wil gee om te eet en te drink en dan kan hulle nie. Om in die aand besoeke af te lê, is net so moeilik want almal kuier by almal en daar word van omtrent 'n uur na sononder tot omtrent 'n uur voor sonop gekuier, geëet en geniet. Kort voor die Musseen, gebedsroeper, die eerste oggend-gebed aankondig 'n uur voor die son opkom, dan maak almal weer reg en gereed om die dag se vas te begin.

Sou ek die geleentheid kry om gedurende hierdie tyd wel met Moslems te gesels by 'n winkel of waar ons mekaar raakloop, sal die gespek so te sê altyd draai na die maand se vas. Baie Moslems wil dan ook weet of ons as Christene ook vas? My geliefde antwoord is: *"Ja, ons as Christene vas ook maar nie gedurende Ramadan nie. As jy wil verstaan hoekom en hoe ons as Christene vas, moet ek jou as Moslem vra: 'Wil jy weet of ons van kos vas of van sonde?'"* Om te vas van sonde het die deursnee Moslem nog nie van gehoor nie. Hierdie kort vragie lei gewoonlik en natuurlik tot 'n wonderlike evangeliese gesprek.

So gedurende Ramadan is daar 'n ingesteldheid by ons wat onder hulle werk om ons ook meer toe te spits op gebed en vir Moslems en die Moslem-wêreld te bid. Gebedskalenders en programme word versprei en baie voorbidders en ondersteuners bid ook gedurende hierdie tyd meer spesifiek vir Moslems en die bekering van Moslems.

Terreur is in die wêreld op die

voorblaaie en al die nuus laat 'n mens ook bid vir die wat daaronder ly en daardeur afskuwelik geraak, geskok en verniel is. Ons bid vir hulle lande, hulle naasbestandes en geliefdes en vra die Here vir antwoorde, oplossings en vrede. Waarskuwings oor ISIS en die moontlikheid dat dit kan oorspoel ook hier na Suid-Afrika, veroorsaak ook dat ons vir ons eie land bid teen terreuraanvalle.

U vra seker hoe raak gebeure vir my en almal van ons wat onder Moslems werk? Ek weet nie van u nie, maar al hierdie gebeure laat my kop en my hart bietjie spin – deur ons emosies en ons denke. Emosioneel raak dit my, raak dit ons en raak dit eintlik almal van ons, selfs die wat dit nie verwag het nie, en nie bewus is/was van die aanslag van Islam op Christene, Jode en die nie-Islamitiese wêreld. Daaglik word meer mense wêreldwyd bewus van die aanslag van Islam veral onder die wat dit nie wou sien, erken of van kennis wou neem nie, soos soveel politici.

So emosioneel raak dit my as persoon en ek glo en sien en hoor ook van andere wat onder hulle werk dat dit ons almal geweldig raak – so ook voorbidders en ondersteuners – wat ons deur hulle gebede en ondersteuning op hulle knieë deur hierdie werk dra. So tussen al die emosies deur bid ek dat dit die kerk tot groter betrokkenheid sal aanspoor. Dit is nou die tyd dat die plaaslike kerk en Christene betrokke kan raak by daardie klein groepie Moslems in die dorp waarmee hulle goed bekend is, maar nie regtig ken nie. Almal lees koerant, luister radio en kyk TV, op die een of die ander manier kom die nuus tog deur na elkeen. Kan ons saam bid dat die kerk sy rol in die bereiking van Moslems met die evangelie sal verstaan? Die deursnee gemeente en Christen-lidmaat dink nie dat hy/sy 'n verskil kan maak teenoor die geweldige aanslag van Islam nie en tog is dit hulle wat die beste toegerus moet wees op die plek waar hulle is om die regte verskil te maak.

Kom ons bid saam dat die deursnee lidmaat en kerk die visie en droom sal vat en sien dat hulle 'n verskil kan maak. Dikwels hoor ons ook van die preekstoel af: "Jy is of deel van die oplossing of jy is deel van die probleem". Selfs die opmerking laat mens wonder, bid en pleit: *"Ag Here stuur tog asseblief arbeiders in U oes want U oes onder die Moslems is groot maar die arbeiders wat onder hulle werk, is bitter min en ons word al minder! Gee vir ons medewerkers en voorbidders wat ons hande en arms sal versterk en omhoog sal hou."*

My hart en my kop spin met al die worsteling met Islam en Moslems en ja ook met die kerk, wat nie heeltemaal wil betrokke raak nie. Dit is nie asof mens verwag dat die kerk polities moet betrokke raak nie, wel evangelies en sending-gewys, ja. Daar is groot ruimte en geleentheid vir elke Christen om betrokke te raak en 'n verskil te maak waar dit noodsaaklik is en 'n impak kan maak.

My hart vra: "Wil die gewone lidmaat nie kom kyk en net sien hoe baie Moslems daar is wat werklik oop is vir die evangelie nie?" Is daar nie Christene nie wat miskien net 'n kort kursus wil deurloop en net leer en beleef hoe maklik dit is om die struikelblokke na Christus uit die weg te ruim vir Moslems?

Dit is nie net my hart nie, maar ook my verstand, want die aanslag van Islam is nie iets nuuts vir my nie. Ek weet, ek wil en gaan die werk doen, en ons kan deur die genade van die Here! In Paulus se woorde bid ek: "Wee my Here as ek nie die evangelie verkondig nie! Help my, om ook die werkers te help vermeningvuldig want hy wat allenig werk is nie so produktief as hy wat ander laat doen wat hy doen nie".

Bid asseblief saam:

Vir meer medewerkers oor die land en die wêreld wat bereid sal wees om die evangelie met Moslems te deel.

Vir miljoene Moslems wat self

soekende is na antwoorde dat hulle by Christus sal uitkom.

Bid dat die Here op bonatuurlike maniere sal werk in die vestings van Islam waar geen menslike getuienis kan inkom nie.

Dat Bybels, traktaatjies en CD's en materiaal wat versprei word, die harte en lewens van Moslems sal verander en dat hulle 'n keuse vir Christus sal maak.

Dat ons in diepe afhanklikheid onder gebed die inisiatief sal neem om die liefde van Christus en in die krag van die Heilige Gees die evangelie met Moslems te deel.

Vir sendelinge en medewerkers in lande wat Moslem-dominant is, en hulle vervolging in die gesig staar.

Madibadag

Met hierdie gebede, gedagtes en emosies so by my self, staan ek in 'n skrootwerf waar ek vir iemand 'n tweedehandse ruit moet koop vir sy motortjie. Hulle bly op die platteland en kan nie so iets daar kry nie. Skielik tref die ou vergeelde stukkende plakkaat van Madiba teen die muur my aandag. Ek lees die woorde: "No one is born hating another because of the colour of his skin, or his background, or his religion. **People must learn to hate, and if they can learn to hate, they can learn to love,** for love comes more naturally in the human heart than its opposite." - Nelson Mandela

Dit is soos 'n lig wat vir my aangaan - iets wat weereens beaam word, die liefde beskaam nie!!!!

Net soos alle ander mense in die wêreld word Moslems nie gebore om te haat nie, maar om lief te hê.

Die deursnee-Moslem resiteer egter slegs die Quran in Arabies en ken dit glad nie, en word nie aangemoedig om te weet wat sy Quran (heilige boek), Hadith en Sharia (tradisies, gebruike en wette) en die Sira (Die lewe van hulle profeet Mohammed) leer nie. So is daar duidelik twee groepe Moslems, die wat die haatspraak uit die Islamgeskrifte hulle eie maak, propageer, en

daarop aanspraak maak dat hulle eintlik die ware Moslems is en dit afdwing op ander, Moslem en nie-Moslem.

Dan is daar die ander groep Moslems wat deur hulle eie logika gelei voel dat sulke haat en indoktrinering nie goed is nie. Hulle lees die mooi verse in die Quran raak en wil eintlik voorgee dat daar geen haatspraak in die Quran en Moslemgeskrifte is nie. Hulle word deur die eerste groep gesien as "backsliders" en daar is geweldige druk op hulle deur die radikale Moslem-wêreld om meer fundamentele Moslems te word.

Onthou u?: "**Richard Wurmbrand** (March 24, 1909 - February 17, 2001). In 1948, having become a Christian 10 years before, he dared to publicly say that Communism and Christianity were not compatible."

Dit is ook Wurmbrand en andere wat gesê het die kommuniste het gesê: "Gee my jou kind tot hy ses jaar oud is en ons sal van hom 'n kommunist maak vir altyd"

Wel Islam het nooit so iets gesê nie, maar elke Moslem tot vandag maak seker dat sy kind van geboorte af 'n Moslem is en dit ook bly. Indien 'n Moslem tot bekering kom, en daar is baie van hulle vandag, staar hulle vervolging, verwerping en ook die dood in die gesig. Volgens Islamgeskrifte, die Quran, en al die ander is daar geen onduidelikheid dat sulkes doodgemaak moet word. Moslems hou mekaar dop, en verantwoordelik, om die Sharia en die Quran uitvoerbaar te hou in elke fase van elkeen se lewe. So lees ons van baie "honour killings." Teen dié agtergrond: Hoe maklik is dit nie om Christene, Jode en nie-Moslems in die wêreld te haat nie? Te maklik!

Deur slegs kinders Islam te leer en sekere godsdienstige voorskrifte te aksentueer soos opgeteken in hulle geskrifte, is distansiering, verwydering en uiteindelik haat die spontane emosionele pad.

Daar is baie Moslems wat nie met sulke haat in hulle harte rondloop

nie, wat nie valslik met Taquia (valse voorbehoude) optree teenoor Christene nie. Om dan elke dag 'n Madibadag te hou, is maklik. Dit is maklik om hulle wat ontvanklik is vir die evangelie en die liefde van God te help en na Christus te lei, want God is Liefde!

Ons getuig (2 Kor 5:18-21), maar dit is God wat oortuig (Joh 3). God self bring die wedergeboorte, maar Hy het die boodskap van versoening aan ons toevertrou. Hy het die groot sendingopdrag aan ons toevertrou (Matt 28:18-21). Ons bekwaamheid kom van Hom (Hand 1:8). Ons kan nie doen wat God doen nie, maar ons moet ook nie verwag God moet doen wat Hy aan ons toevertrou het nie.

Aan die einde sê Madiba: "*But I can only rest for a moment, for with **Freedom comes Responsibility**, and I dare not linger for my long walk is not ended Education is the **most powerful weapon which you can use to change the World.***"

Ons is Vrygekooptes deur die bloed van die Lam. Ons loop die pad van **vryheid in Christus**, maar dit is **ook 'n verantwoordelike pad**. Daar is nie tyd om te ginnegaap of om op ons louere te rus nie. Ons bekwaamheid kom van God (1Kor 1 en 2). Kom ons gebruik ons vryheid solank ons kan om hulle wat nie vry is nie, vir Koning Jesus te wen.

Paulus se Sendingopdrag

¹⁴My broers, ek is self maar alte bewus dat julle vol goeie hoedanighede is en omvattende kennis besit, en dat julle mekaar self op die regte weg kan help.

¹⁵Tog is ek in my brief plek-plek nogal uitgesproke. Dit was maar om julle aan die een en ander te herinner. God het my immers in sy genade die voorreg gegee

¹⁶om in diens van Christus Jesus onder die heidennasies te werk. Dit is my priesterlike taak om die evangelie van God aan hulle te bedien, sodat daar uit die heidennasies 'n offergawe mag wees wat vir God aanneemlik is en deur die Heilige Gees geheilig is (Rom 15:14-16).

Dat ons as Christene die heidennasies as 'n aanneemlike offergawe na God kan bring en deur die Heilige Gees geheilig is, is en bly vir my 'n wonderlike geleentheid om selfs nou in 2016 betrokke te wees in sendingwerk onder die Moslems.

God soek nie juis na mense wat alles kan doen nie, eerder mense wat gewillig is om enigiets te doen.

CNMM (Canadian Network of Ministries to Muslim) - Toronto Canada

Soos berig in my vorige nuusbrieff, het die grootste seën en wonderwerk van verlede jaar se besoek aan CNMM in Toronto eers die begin van hierdie jaar gekom. Hulle het my amptelik uitgenooi om my **"The Gold Nuggets of Communicating the Gospel to Muslims"** aan die groter groep wat die hele Kanada verteenwoordig, bekend te stel, werkswinkels aan te bied en opleiers op te lei om daarmee voort te gaan om gewone lidmate toe te rus om self die evangelie aan die Moslems te kan voorhou.

Die afgelope tyd was ek veral besig om my materiaal te hersien, en te herskryf en te redigeer en is ek dankbaar dat daar hulp na vore gekom het om te help met die redigering en bladuitleg. 'n Taak wat baie langer vat as waarvoor ek my voorberei het.

Bid asseblief dat die Here ons sal help met elke aspek om die materiaal in sy nuwe formaat betyds saam te stel en gedruk te kry.

Hierdie wonderlike geleentheid is aangeteken in my dagboek vir, DV, 2 tot 6 November 2016.

Bid asseblief saam met my dat die Here die nodige fondse sal voorsien vir hierdie geleentheid. Die Kanadese het volle verantwoordelikhvireid aanvaar vir my verblyf en vervoerkoste daar, MAAR ek moet self sorg vir my vliegtuigkaartjie. Daarom kom lê ek hierdie gebedsversoek voor u om asseblief saam met my te bid dat die Here die nodige fondse sal voorsien vir die vliegtuigkaartjies. Baie dankie aan u wat alreeds

bygedra het tot hierdie koste.

Baie dankie vir u voorbidding en ondersteuning.

Dit is u gebede en ondersteuning wat my bly dra en help dat ek kan voortgaan met hierdie werk om uit te reik na Moslems en om andere op te roep en toe te rus om dieselfde te doen. Daarom wil ek vir u baie dankie sê, vir u volgehoue voorbidding en ondersteuning, en in besonder vir u briefies en oproepe wat so bydra om my aan te moedig om te volhard met hierdie werk.

U offergawes, debietorders, en ook die gelooffergawes van maar 'n paar gemeentes maak dit absoluut moontlik dat ek kan volhard met hierdie werk. Dit help regtig baie en maak 'n groot verskil. Baie dankie ook aan u wat nou vir my 'n debietorder geteken het. Dit is wonderlik om te weet dat u saam met my betrokke is en op 'n baie spesiale manier hierdie werk moontlik maak. Baie dankie, mag die Here u ryklik seën. **"Julle gawe is voor God 'n offer met 'n lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink. In al my gebede bid ek altyd met blydskap vir julle almal ... My God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens Sy oorfloedige rykdom in Christus Jesus"** (Fil 1:3,4 en ook 4:18,19).

Met hierdie sendingnuus, dank en sake vir gebed groet ek u met die Here se seën tot volgende keer.

Seëngroete in Christus, **Fred Nel**

Bron: Eternal Life Outreach Nuus Bulletin – Julie 2016; Adres: Posbus 17431, Pretoria-Noord 0116; Selnr: 082 441 7030, Telnr: 012 543 0968; Faks: 086 504 3112; e-pos: fred-nel@telkomsa.net, Bankbesonderhede: Rekeningnaam: Eternal Life Outreach, Bank: ABSA, Rekeningnommer: 01002990918. Takkode: 632005

AUGUSTUS IN DIE GEMEENTE

Buiten die gewone bedrywighede van die gemeente was daar n unieke geleentheid vir ons om heerlik saam te werk. Ons predikant is kennelik iemand wat 'n gaping kan vat en hy het besluit dat ons die geleentheid moet aan-

gryp om met die verkiesing fondse vir die gemeente in te samel. Wat aanvanklik na 'n berg gelyk het wat ons moet uitklim omdat daar so min tyd vir die beplanning was, het 'n heerlike uitdaging geword.

Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om almal te bedank vir die hartlike samewerking met hierdie geleentheid. Van alle kante en oorde het mense hulle hulp aangebied. Die aand van die 2e Augustus het daar 'n ry mense in die kombuis gesit wat ons kom help het om alles gereed te kry vir die volgende dag. Wat ons ure sou geneem het, het ons in 2 uur kaffiedraf. Oud en jonk het pannekoek aangemaak, botter gesmeer, tafels reggesit en gasbottels uitgepak.

Woensdag die 3e het ons koud en in die donker begin bak in die kerksaal, terwyl die manne die gazebo's opgeslaan het voor die skool. Kort voor lank was daar wors op die kole en die koffiewater het gekook. Toe die eerste kiesers aankom, was die helpers gereed om hulle te bedien. Van ons jong mense het tussen die kerksaal en die skool die kos en boodskappe aangedra en hulle het ook deur die rye beweeg en groot werk gedoen om vir die kiesers hulle kos en drinkgoed aan te dra. So 'n span verdien mos "jêm". Dit was nie net lekker saamwerk nie. Daar is ook R10,000 vir die gemeente ingesamel. Nogmaals baie dankie.

RUSOORD 17 AUGUSTUS

Op 17 Augustus was daar groot lekkerte en vermaak vir Rusoord se inwoners. Die Xanadu Boereorkester het musiek gemaak en die Erica Volkespele-laer in hulle mooi rokke het ons tone laat omkrul van lekkerte.

3 AUGUSTUS 2016



RUSOORD
17 AUGUSTUS 2016



Links staan die Gasvrou, Helene Pretorius. In die middel sit Tannie Susan Odendaal, Stoffie Schmidt en Frances de Villiers, almal dames wat gehelp het met die totstandkoming van Rusoord. Regs van hulle sit Tannie Doreen Bruyns (Furter) wat 'n lid was van die oorspronklike Erica volkspele-laer wat gestig is deur Cecile de Ridder. Ai, die gedagtes het baie ver teruggegaan na spele by die inwyding van die Monument, die Van Riebeeck-fees en ander groot feeste waar tot 3000 neefs en niggies deelgeneem het. Helene, baie dankie vir 'n reis "down memory lane".

LIEF EN LEED

Soos gewoonlik is daar 'n lys siekes vir wie voorbidding gevra word. Elkeen se situasie is uniek en ons vra u gereelde voorbidding vir hulle:-

Klaas van Rensburg wat 'n moeilike pad geloop het na sy kaak-operasie en nadat hy 'n heupfraktuur opgedoen agv 'n val.

Betsie de Wet wie se herstel vorder al is dit stadig.

Sus Boshoff wat herstel na 'n knieervanging.

Mike Groenewaldt wat sukkel met 'n heupprobleem.

Margaret Sevenster op wie 'n prosedure gedoen is om die hartritme te stabiliseer.

Louis Schmidt wat komplikasies ervaar na 'n knie-operasie.

Joe Voges wat breinbloeding opgedoen het na 'n val maar darem weer besig is om te herstel na behandeling.

Lettie van Niekerk (oor 90) in Protea se sorgeloosheid.

Madel van der Walt wat nog herstel na 'n onlangse nekprosedure.

Dolf Ellis wat ook kwaai siek was en besig is om te herstel.

Andrew Rabie, Mandie Cilliers se swaer, wat ook ons voorbidding nodig het. Bid asb vir Mandie self ook.

Johan van der Walt wat tans in Midstream se Stepdown is en vir sy vrou, Ruth wat 'n oogoperasie ondergaan het.

Oom Pieter Louw wat herstel na 'n prosedure aan sy beenare.

Oom Gert Rall wat erg sukkel agv 'n verskuifde rugwerwel.

Martin Odendaal wat in 'n moeilike situasie is. Hulle het enkele dae gelede gehoor dat 'n hart beskikbaar is vir oorplanting, maar dat dit nie nou gedoen kan word nie agv sy swak gesondheid vanweë sy onlangse beroerte. Bid asb vir hom en vir Rene wat hom moet bystaan en versorg.

Die volgende mense is oorlede: Ina Janse van Rensburg wat op 5 Aug begrawe is; Louwtjie Kleinhans wat op 10 Aug begrawe is; Naomi Smit (een van die eerste lidmate van die gemeente) wat op 14 Aug begrawe is. Ons vra voorbidding dat die Here al die agtergeblewenes mag troos. So ook vir Marie, Nelsie en Shannon na die afsterwe van Mark Neville.

Daar was darem ook groot lief: Ernie en Ilze Blignault het 'n derde keindogter ryker geword! Baie geluk ouma en oupa!



Finesse Bookkeeping

- Full monthly bookkeeping services up to Trail Balance, including customers & suppliers.
- Submitting of VAT returns (VAT201)
- Monthly payroll services
- Submitting of PAYE,SDL & UIF returns (EMP201)
- Monthly declaration to UIF & bargaining council
- EMP501 Reconciliations and Submissions
- Submitting of individual Income Tax Returns

Contact Cornel Vorster at 082 859 6679

or email: accounts@finesseb.co.za

ZERO BOOMSLOPINGS

BOOMSLOPINGS EN SNOEI
VAN BOME EN STRUIKE.
ONS VERSKAF OOK
KAGGELHOUT



KONTAK ERNST

083 656 4992

www.treecarepta.co.za

www.boomslopings.co.za